**‘N SKEUR IN DIE HEMEL**

Jes 63:7-64:12 (genre: Klaagpsalm)

**‘N VERSUGTING UIT DIE HART**
*“As U maar die hemel wou oopskeur en wou afkom…”* (64:1) Dalk het jy ook al so gevoel: “God is ver; God is afsydig, onbetrokke. Hy sien ons nie, Hy hoor ons nie. Ons lewe onder ‘n **geslote hemel**. God en ons lewe in twee verskillende wêrelde. As Hy my net wil raak sien en ingryp in ons omstandighede! As Hy net tot aksie wil oorgaan!” In die woorde van vers 15: (lees tot 16a).
Wat het daar **agter** hierdie versugting van die volk gelê: Wanhoop? Eensaamheid? Verwyt? Vrees?

**VERWARRENDE OMSTANDIGHEDE**
Wat was hulle **omstandighede** op daardie stadium? Hierdie klaaglied kom, na alle waarskynlikheid, uit **die tyd na Jerusalem se verwoesting**. ‘n Mens moet jouself ‘n klompie verslae Jode tussen die puinhope van Jerusalem voorstel, besig om te bid op die swartgebrande rommelhoop wat al is wat van die tempel oorgebly het. Hoor hoe treur hulle*: “’n Kort rukkie kon u gewyde volk u tempel gebruik, maar ons vyande het dit verwoes…*” (63:18). “*U heilige stad het ‘n woestyn geword: Sion het ‘n woestyn geword, Jerusalem is onbewoonbaar. Ons heilige en pragtige tempel waar ons voorouers U geloof het, is deur vuur verwoes, alles wat vir ons dierbaar was, lê in puin.”* (64:10-11) Hulle leiers, ook baie van die priesters, sit in **ballingskap** in Babel. Op die tempelberg kan hulle nie anders as om die **wonderlike tempeldienste** te onthou nie. Daar het hulle gesing oor die magtige verskyning van die Here, oor hoe die aarde bewe en nasies sidder wanneer hulle God kom. Sulke liedere klink pragtig in ‘n indrukwekkende goue tempel – maar op ‘n puinhoop word die woorde as in jou mond. Dan smeek jy God om net die hemel oop te skeur, sodat jy nou ook kan weet Hy leef. *“Wees tog weer soos vroeër,”* bid hulle (:17) - soos in die *“ou dae”* waarna vers 11-14 verwys (lees).
**Maar die hemel bly geslote.** Die klaaglied eindig met hierdie pynlike vraag: *“Raak hierdie dinge U dan nie, Here? Gaan U nie ingryp nie? Gaan U aanhou om ons te laat ly?”(64:12) “U is tog ons vader…”* herhaal hulle drie maal (63:16 en 64:8). Hulle is **verward.** Hulle het nie gedink so iets kan met God se kinders gebeur nie. Hulle beleef 'n **Godsverduistering**.
Hulle gee toe dat **hul sonde** die verhouding tussen hulle en God vertroebel het: (lees 63:9,10). Maar op ‘n manier probeer hulle soos **Adam** om hulleself te verontskuldig deur vir God die skuld te gee en te vra: *“Waarom het U ons laat afdwaal van u paaie af, Here? Waarom het U ons hardkoppig gemaak sodat ons U nie gedien het nie?”* (63:17)
**Later bely** hulle tog hul eie sondigheid: *“Ons het almal geword soos mense wat onrein is, ons beste dade is soos vuil klere; ons is almal soos verdroogde blare…”* (64:6)
Dit is die **agtergrond** van die versugting in ons teksvers. Soos gesê: Hierdie gedeelte is eintlik ‘n **psalm**, ‘n klaagpsalm. Waarskynlik het hulle dit jaar na jaar gesing, vir **sewentig jaar lank** terwyl die Joodse leiers in ballingskap sit en Jerusalem in puin lê. Kan jy jou dit voorstel?! Sewentig jaar lank roep hulle: *“As U maar die hemel wou oopskeur!”* As U maar weer wil wees en doen soos vroeër, soos *“toe U destyds afgekom het” (*64:3).

Hierdie klaagpsalm herinner ‘n mens aan **die lied** *“Voel jy soms of die Here te ver is…”* (518) Tog het hulle nie aan God se BESTAAN getwyfel nie.

**IETS GEBEUR!**
Maar dan gebeur iets. **God gryp in** soos wat Hy beloof het. Die ballinge kan terugkom. Die hoop vlam weer op.
Die klompie ballinge kom terug - ‘n sukkelende optoggie. Hulle probeer bou, hulle krap-krap aan die groot kliphope. Maar die werk is net te veel vir hulle min krag. Dit lyk asof min regtig verander het. Hulle kom klop maar weer aan die **geslote deur**: *“As U maar die hemel wou oopskeur!”* Maar nou is die vraag **nog dringender**, die nood nog groter. Ek wonder hoeveel van ons sou onder daardie omstandighede bly glo het …!?
**Langsamerhand** staan Jerusalem op uit die puin en as. Die tempel verrys weer, die stad word herbou, die mense kry weer koers. Maar tog, tog wil die vraag van die klaaglied nie heeltemal **stilraak nie**. Want die **ou probleme bly**: die sonde van die volk, hulle verdeeldheid, hulle probleme met vyande.
Die kreet om ‘n geopende hemel word **geslag na geslag** weer gebid.

**DIE HEMEL GAAN OOP**
Ons is tans in **adventstyd**. Ons dink aan **die verskyning** van die Here Jesus op aarde deur sy geboorte as 'n baba in Bethlehem. In sy geboorte, het God die hemel finaal en onherroeplik **oopgeskeur**. In Christus leef ons onder 'n **oop hemel**, in gemeenskap met God. Hy is **Immanuel**, God by ons. Op hierdie manier het God die klaaglied in Jesaja 64 vir tyd en ewigheid **verhoor**.
Selfs in tye van die **uiterste nood** kan sy dissipels opkyk en ‘n oop hemel sien – soos Stefanus kort voordat hy gestenig is: *“Kyk”, het hy gesê, “ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan.”* (Hand 7:56). En ons het **die belofte** dat die hemel eendag **heeltemal oopgeskeur** gaan word, sodat die hemelse Jerusalem kan neerdaal (Open 21:2). Daar sal dan nie meer **skeiding** wees nie – in die bekende woorde van die lied: *“Die see en al wat skei, verdwyn, God self kom by ons bly.”* (Lied 602)

**KERSFEES IS ‘N ONVOLTOOIDE FEES**
Die hemel HET oopgegaan en SAL oopgaan, en tog: as ons vandag hierdie ou klaaglied lees, kan ons ons nog steeds baie goed daarmee **vereenselwig**. Ons **sê en sing** soms mooi dinge oor God, maar BELEEF dit nie aldag nie. Party dae wil ons ook nog bid: *“As U maar die hemel wou oopskeur.”* Ons vra miskien ook: *“Waar is God se groot dade VANDAG, nou dat ons dit so nodig het?”* Ons vra: *“Wees tog weer soos vroeër.”* (63:17)
**Jochen Kleppers** skryf in sy dagboek: *“Kersfees is hier en nog immer roep die hart: Ag, as u maar die hemel wou skeur en neerdaal. Hy het neergedaal en ons glo dit vas. En tog raak ons nog so verskriklik verward; so aangeveg en verdwaald.”*
Ons moet besef Kersfees is in sy wese **nie meer as ‘n voorlopige vervulling nie**. Kersfees is ‘n fees, maar dis ‘n **onvoltooide** fees wat roep om *aanvulling*, wat roep na die *wederkoms* van Christus.
Wanneer mens vandag **rondom jou kyk**, is daar genoeg rede vir weeklaag by God. Kyk hoe lyk die wêreld! Kyk na die geweldige impak van die **vigspandemie**, die verwoestende effek van **armoede,** die vermenigvuldig van **gierigheid,** en die **selfgerigtheid en selfsug** van mense. Hierdie week val die klem op die geweld teen

vroue en kinders; in Durban vind die internasionale konferensie (Cop17) oor aardverhitting plaas.
Bied dit nie **genoeg rede** om by God te weeklaag nie?
Ons **verlang** dat God sal ingryp en dinge sal verander, maar **vergeet** so maklik dat die verandering by onsself moet begin. Dis nie in die eerste plek ander of God wat hom moet **bekeer** nie, maar ons. Ons moenie dieselfde fout as Israel maak deur die **skuld net by ander** te soek nie, selfs by GOD nie. Nee, laat ons **ons onsself ondersoek**: Wat het ons *gedoen* of nie gedoen nie? Laat ons ons sondes *bely, onthou* hoedat die Here wil hê ons moet lewe en met *blydskap doen* wat reg is (lees 64:5) -
*"U kom die te hulp*
*wat met blydskap doen wat reg is,*
*die wat onthou hoe U wil hê*
*hulle moet lewe."*

Amen.

27 Nov 2011